## Nabetragting van Sondag 7 Junie 2020 Boodskap

Gegroet vanuit die pastorie

**Maandag**
Mense het mekaar én die Here nodig. Hoe minder God beleef word, hoe meer godsdienstig neig ons. Hoe minder sintuiglike interaksie met lewende entiteite, hoe meer spiritueel neig ons. Lewens vervulling vra betrokkenheid by beide aardse as hemelse dinge. Die natuurlike en bonatuurlike is verstrengel en beïnvloed mekaar. Mense loop uit kerke weg wat nie blootstelling aan beide bied nie.

**Lukas 24:36-39** // *36Terwyl hulle nog oor hierdie dinge praat, staan Jesus self meteens daar tussen hulle en sê vir hulle: "Vrede vir julle!" 37Hulle het geweldig geskrik en bang geword en gedink hulle sien 'n gees. 38Hy sê toe vir hulle: "Waarom is julle so verskrik, en waarom kom daar twyfel in julle harte? 39Kyk na my hande en my voete: dit is tog Ek self. Voel aan My en kyk! 'n Gees het tog nie vleis en bene soos julle sien dat Ek het nie."*

**Dinsdag**
Kommunikasie is meer as die beweging van inligting. Kommunikasie omhels belewing. Daarom wil ons immer goeie en slegte ervaringe met God of mens deel. Dit is baie pynlik vir die skepper en ontvanger as 'n boodskap ignoreer word. Boodskappe kan oorgedra word deur byvoorbeeld aanraking, woorde, digitaal en gedagtes. Alle boodskappe het gevoelswaarde en dit is waar die natuurlike en bonatuurlike kruis.

**Jes. 43:1-5** // *1Luister, so sê die Here wat jou geskep het, Jakob, wat jou gevorm het, Israel: Moenie bang wees nie, Ek verlos jou, Ek het jou op jou naam geroep, jy is Myne. 2As jy deur water moet gaan, is Ek by jou, deur riviere, hulle sal jou nie wegspoel nie; as jy deur vuur moet gaan, sal dit jou nie skroei nie, die vlamme sal jou nie brand nie, 3want Ek is die Here jou God, die Heilige van Israel, jou Redder. Ek gee Egipte as losprys vir jou, Kus en Seba in jou plek. 4Omdat jy vir My kosbaar is, omdat Ek jou hoog ag en jou liefhet, gee Ek mense in jou plek, volke in ruil vir jou lewe. 5Moenie bang wees nie, Ek is by jou.*

**Woensdag**
Die natuur, nes kunsstukke, gedigte en musiek, bied 'n belewing ryker as wat woorde kan. Elke mens is 'n kunswerk in wording, 'n gedig waarvan versies kort en 'n lied wat wat op vele manier gespeel kan word. God is 'n skepper, 'n digter, 'n komponis wat mense formeer het om ook skeppers, digters en komponiste te wees. Geen skepping is werklik as dit nie beleef kan word nie. Die natuurlike en bonatuurlike is dus onmisbaar vir mekaar.

**Ps. 8:4-10** // *4As ek u hemel aanskou, die werk van u vingers, die maan en die sterre waaraan U 'n plek gegee het, 5wat is die mens dan dat U aan hom dink, die mensekind dat U na hom omsien? 6U het hom net 'n bietjie minder as 'n hemelse wese gemaak en hom met aansien en eer gekroon, 7U laat hom eers oor die werk van u hande, U het alles aan hom onderwerp: 8skape en beeste, alles; selfs die diere in die veld, 9die voëls in die lug, en die visse in die see wat die oseane deurkruis. 10Here, ons Here, hoe wonderbaar is u Naam oor die hele aarde!*

**Donderdag**
Lewende dinge is tegelyk meer en minder as wat ons dink. Ons oortuigings bied die stoep en plafon van ons moontlikhede. Daarom kan ons strekwydte ons reikwydte oorskry. Ons lewens-stoep is ons gewoontes en ons lewens-plafon is ons oortuigings. Stagnering vind plaas wanneer oortuigings gewoontes word. Godsdiens sonder spiritualiteit is leweloos. Spiritualiteit sonder godsdiens het geen inkomplek nie.

**Joh. 17:21-24** // *21Ek bid dat hulle almal een mag wees, net soos U, Vader, in My is en Ek in U, dat hulle ook in Ons mag wees, sodat die wêreld kan glo dat U My gestuur het. 22Die heerlikheid wat U My gegee het, het Ek ook aan hulle gegee, sodat hulle een kan wees net soos Ons een is: 23Ek in hulle en U in My, sodat hulle volkome een kan wees, sodat die wêreld kan weet dat U My gestuur het en hulle liefhet net soos U My liefhet. 24"Vader, Ek wil graag hê dat waar Ek is, hulle wat U My gegee het, ook by My moet wees, sodat hulle my heerlikheid kan sien, die heerlikheid wat U My gegee het omdat U My al voor die skepping van die wêreld liefgehad het.*

**Vrydag**
Die natuurlike is 'n nabootsing van die Bonatuurlike. Ons is kinders van God en God is ons Vader. Die natuurlike is ook 'n uitvloeiing van die Bonatuurlike. Die mens is 'n afskaduwing van God wat deur Christus se Gees verlewendig word. Daar is letterlik en figuurlik niks wat hierdie verbintenis tussen skepping en Skepper kan skei nie, nie eens die dood nie.

**Lukas 11:9-13** *// 9"Ek sê vir julle: Vra, en vir julle sal gegee word. Soek, en julle sal kry. Klop, en vir julle sal oopgemaak word. 10Elkeen wat vra, ontvang, en elkeen wat soek, kry; en vir elkeen wat klop, sal oopgemaak word. 11Is daar 'n pa onder julle wat as sy seun vir hom 'n vis vra, vir hom 'n slang sal gee in plaas van die vis? 12Of as hy 'n eier vra, vir hom 'n skerpioen sal gee? 13As julle wat sleg is, dan weet om vir julle kinders goeie dinge te gee – die Vader in die hemel nog baie meer! Hy sal die Heilige Gees gee vir dié wat vra."*